NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A, en **EEN** vraag uit Afdeling B.
4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik. Die vermoë om relevante inligting krities te gebruik om vrae te beantwoord, is net so belangrik.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

'n Beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering word vereis. Dit moet ongeveer 800–900 woorde lank wees. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

### VRAAG 1

Gee 'n kritiese beoordeling van die Sowjetunie se sukses om 'n invloedsfeer in Kuba tussen 1959 en 1962 te skep.

**[70]**

**OF**

### VRAAG 2

Gee 'n kritiese beoordeling van die sukses van die Burgerregtebeweging om gelyke onderwys in die Verenigde State tussen 1954 en 1962 te verseker.

**[70]**

**OF**

### VRAAG 3

Gee 'n kritiese beoordeling van die sukses van interne weerstand om Botha se hervormings tussen 1979 en 1989 effektief uit te daag.

**[70]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350–400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy kan ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

### VRAAG 4

**Die Sowjet-spotprent hieronder, deur S. Mikhalkov, is in 1949 in die koerant *Izvestiya* gepubliseer. Dit is 'n karikatuur van die Verenigde State wat die Marshall-plan as 'n knuppel gebruik om die onafhanklikheid van Wes-Europa te vernietig. Dit is getiteld 'Die Amerikaanse knuppel is die oplossing vir markprobleme'. Die bord wat gebreek is, sê 'soewereiniteit van Wes-Europese lande' en die stukkende heining dui op 'tariefversperrings'.**




[Bron: <https://www.loc.gov/exhibits/marshall/marsh-exhibition.html>, Verkry 22 Februarie 2024]

Verduidelik hoe die Verenigde State teen 1955 'n invloedsfeer in Europa geskep het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het daartoe gelei dat die Verenigde State ná 1945 'n invloedsfeer in Europa geskep het?

(b) Watter optrede het die Verenigde State uitgevoer om teen 1955 'n invloedsfeer in Europa te skep?

(c) Watter impak het die Verenigde State se invloedsfeer in Europa op die Koue Oorlog gehad?


**[30]**

IEB Copyright © 2024

**OF**

**VRAAG 5**

**Die foto hieronder is van 'n betoging deur veterane van die Viëtnam-oorlog voor die Kongresgebou in Washington, DC op 26 April 1971. Hulle gooi hul medaljes en toekennings op 'n hoop voor 'n bord wat sê "rommel".**




[Bron: <https://www.sandiegouniontribune.com/opinion/commentary/story/2021-04-14/opinion-vietnam-veterans-against-the-war-capitol-1971 >, Verkry 2 Maart 2024]

Verduidelik hoe die anti-oorlog- en studentebewegings die regering van die Verenigde State in die 1960's en 1970's teengestaan het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het gelei tot die groei van die anti-oorlog- en studentebewegings in die 1960's in die Verenigde State?

(b) Watter metodes het die anti-oorlog- en studentebewegings gebruik om regerings-beleid in die 1960's en 1970's teen te staan?

(c) Watter impak het die anti-oorlog- en studentebewegings teen die 1970's op die Verenigde State gehad?

**[30]**

**OF**

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 6**

**Die pamflet hieronder is deur die Pan-African Studente-organisasie in Amerika geskep om hul beplande saamtrek by die Chase Manhattan Bank in 1977 te bevorder.**




[Bron: <https://nmaahc.si.edu/object/nmaahc_2015.97.27.6>, Verkry 24 Februarie 2024]

Verduidelik hoe die internasionale gemeenskap die apartheidstaat in die 1980's uitgedaag het, deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het daartoe gelei dat die internasionale gemeenskap in die 1980's ekonomiese stappe teen die apartheidstaat geneem het?

(b) Watter ekonomiese optrede het die internasionale gemeenskap geneem om die apartheidstaat in die 1980's teen te staan?

(c) Wat was die impak van hierdie ekonomiese optrede op die apartheidstaat teen 1989?

**[30]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024